# Voorwoord

Vanjaar is dit tien jaar sedert AFRILEX tot stand gekom en *Lexikos* die amptelike mondstuk van AFRILEX geword het. In hierdie nommer verskyn 'n kort oorsig deur dr. Mariëtta Alberts, die huidige President van AFRILEX, oor die aanloop tot die totstandkoming, en die samestelling en aktiwiteite van AFRILEX. Ook word die beleidsrede van prof. R.R.K. Hartmann ingesluit soos vanjaar gedurende Julie gelewer tydens die Tiende Internasionale Konferensie van AFRILEX in Bloemfontein. Dit is 'n gepaste insluiting aangesien prof. Hartmann as voorsitter en fasiliteerder opgetree het by die totstandkoming van AFRILEX tydens die Agste Internasionale Konferensie van ALASA gedurende Julie 1995 op Stellenbosch.

Na verlede jaar se lywige nommer waarin referate opgeneem is wat gedurende November 2002 in Pretoria by AFRILEX se seminaar oor aanleerderwoordeboeke gelewer is, is *Lexikos* vanjaar weer terug tot sy normale grootte. Die gevolg hiervan is die oordra na volgende jaar se nommer van baie artikels wat ontvang, voorberei en gekeur is vir publikasie, maar wat nie in vanjaar se nommer ingesluit kon word nie vanweë 'n gebrek aan ruimte. Die redakteur wil al die bydraers bedank vir hul begrip en hul bereidwilligheid om vir 'n aansienlike tyd te wag vir hul artikels om gepubliseer te word.

'n Woord van dank gaan aan die keurders wat so geredelik en toegewyd die artikels vir hierdie en komende uitgawes van *Lexikos* beoordeel het. Behalwe dat sommige keurders meer as twee artikels gekeur het, is hulle dikwels ook op baie kort kennisgewing genader om artikels te beoordeel. Hul deeglike deurgaan van bydraes verseker grootliks die gehalte van *Lexikos*.

Daar was verskeie veranderinge in die Redaksiekomitee van *Lexikos*. Die redakteur wil sy dank uitspreek aan die volgende uittredende lede vir hul bydrae tot die sukses van *Lexikos* gedurende 'n aansienlike aantal jare: prof. L.G. de Stadler, me. K.P. Kavanagh, dr. M. Lisimba, mnr. T.X. Mfaxa, prof. F.A. Ponelis, prof. R. Sitaram, dr. J. Tsonope en prof. M.W. Visser. Die redakteur verwelkom die volgende lede wat almal reeds in die verlede 'n waardevolle diens aan *Lexikos* gelewer het deur artikels by te dra en te keur: mnr. H.L. Beyer, dr. S. Hadebe, dr. P.A. Mavoungou en mnr. M.C. Mphahlele.

Soos in die verlede het me. Riette Ruthven al die artikels met professionaliteit en bedrewenheid geset, en ook geduldig en noukeurig die veranderinge en verbeteringe aangebring aan die verskeie weergawes waardeur baie van die artikels gegaan het. Me. Tanja Harteveld het met bekwaamheid talle tegniese rekenaarprobleme en -haakplekke opgelos. Hulle altwee verdien dank vir die suksesvolle voltooiing van hierdie nommer van *Lexikos*.

J.C.M.D. du Plessis
*Buro van die Woordeboek van die Afrikaanse Taal*

# Foreword

This year it is ten years since AFRILEX has been established and *Lexikos* has become the official mouthpiece of AFRILEX. In this issue, appears a short overview by Dr Mariëtta Alberts, the present President of AFRILEX, about the preamble to the establishment and the structure and activities of AFRILEX. Also included is the keynote address of Prof. R.R.K. Hartmann as presented this year during July at the Tenth International Conference of AFRILEX in Bloemfontein. This is a fitting inclusion as Prof. Hartmann acted as chairman and facilitator at the establishment of AFRILEX at the Eighth International Conference of ALASA during July 1995 in Stellenbosch.

After last year's bulky issue in which papers presented during November 2002 in Pretoria at the seminar of AFRILEX on learners' dictionaries were featured, *Lexikos* is back to its normal size again this year. This resulted in the carrying-over to next year's issue of many articles which had been received, prepared and refereed for publication, but could not be included in this year's issue because of a lack of space. The editor wishes to thank all contributors for their understanding and willingness to wait a considerable time for their articles to be published.

A word of thanks goes to the referees who so readily and unstintingly evaluated the articles for this and coming issues of *Lexikos*. In addition to refereeing more than two articles, some referees were also called upon on very short notice to judge articles. Their thorough scouring of contributions greatly assures the quality of *Lexikos*.

There have been several changes to the Editorial Board of *Lexikos*. The editor wishes to express his thanks to the following outgoing members for their contribution to the success of *Lexikos* during a considerable number of years: Prof. L.G. de Stadler, Ms K.P. Kavanagh, Dr M. Lisimba, Mr T.X. Mfaxa, Prof. F.A. Ponelis, Prof. R. Sitaram, Dr J. Tsonope and Prof. M.W. Visser. The editor welcomes the following new members, all of whom have already rendered valuable service to *Lexikos* in the past by contributing and refereeing articles: Mr H.L. Beyer, Dr S. Hadebe, Dr P.A. Mavoungou and Mr M.C. Mphahlele.

As in the past, Ms Riette Ruthven typeset all the articles professionally and competently, and also patiently and carefully introduced the changes and corrections to the several versions through which many articles went. Ms Tanja Harteveld efficiently solved many technical computational problems and hitches. Both of them deserve thanks for the successful completion of this issue of *Lexikos*.

J.C.M.D. du Plessis
*Bureau of the Woordeboek van die Afrikaanse Taal*